KOMMUNIKAMMA 2 AUGUSTUS

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Neem asb. kennis dat die kerkkantoor tye van Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 12:00 is.
Ds. MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds. Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE

Om op hoogte te bly van gemeentenuus, nooi ons jou uit om by die WhatsApp groep van die gemeente aan te sluit. Slegs die Administrasie van die groep sal boodskappe kan laai. Neem asb. kennis dat, indien jy by die groep aansluit, ander persone op die groep, soos by enige ander WhatsApp groep, jou kontakbesonderhede sal kan sien. Indien jy by die groep aansluit, gee jy toestemming daartoe.
Kontak asb. vir Niekie indien julle enige navraag het.
Volg die skakel om aan te sluit by die WhatsApp groep
of skandeer die QR kode met jou foon
https://chat.whatsapp.com/F4wky8GcVp6I9T2ilwCvAu?mode=gi_t

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 2 Augustus
08:30 EIETYDSE DIENS EN KLEUTERKERK
09:30 KATEGESE
10:00 KLASSIEKE DIENS

Skriflesing: Matt 5:38 - 48
Tema: Jou vyand moet die beste in jou uitbring.

18:00 LEEF@KERK (‘n Saamkuier geleentheid vir Hoërskool kinders)

Die bedienings dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir die CMR.

Maandag 3 Augustus
09:30 DIENS BY KKU

12:45 GEBEDSKILD
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

17:30 MUSIEK
18:00 GEMEENTEBEDIENING

PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK

Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek ‘n klererak waaraan klere in hul 2de handse winkel opgehang kan word.
Hulle benodig ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

Dinsdag 4 Augustus
10:00 DIENS BY STELLA LONDT

Woensdag 5 Augustus
09:30 DIENS BY CP BRADFIELD

Vrydag 7 Augustus
05:00 MANNEGROEP
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg (082 773 6205) vir meer besonderhede.

Sondag 9 Augustus
VROUEDAG
09:00 GESAMENTLIKE DIENS AGV LANGNAWEEK

GEBEDSAKE:
- Dankie vir reën.
- Seën op VIA vrouedag-oggend, 4 Weke reeks, Fonteinvriende funksie, Gesinsuitreik en Gemeente ete.
- Zalita le Roux en haar gesin. Sy beleef 'n groot gesondheidsuitdaging.
- Elria Stanford het geval en het 'n bekkenfraktuur.
- Trevor Derbyshire worstel met sy gesondheid. Bid vir sy vrou, Maureen, en die familie.
- Vir herstel van Magriet Lombard en Hester Taljaard.
- Volkome herstel van Sonja Spies se knie.
- Stoffel Lotter is in Bradfield Homes se frailcare.
- Roenel van Rooyen se herstel na 'n operasie.
- Henco van der Merwe se ma is oorlede.
- Janine Viljoen se pa is oorlede.
- Dat alle kiesers hul verantwoordelik sal nakom en registreer.
- Die Gereformeerde kerk en die uitdagings wat hulle in die gesig staar – dat die Heilige Gees vir hulle sal toerus met wysheid en seën met vrede.
- 'n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Afrika en ander plekke, asook vir gelowige broers en susters in daardie lande.
- Die konflik in die Midde-Ooste. Bid vir langtermyn vrede.

THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK
Bid vir gelowiges in **Sirië** – dat God hulle sal beskerm, hulle harte sal versterk, en hulle daarteen sal bewaar dat hulle liefde sal verkoel (Matteus 24:12). Vra dat God sonder ophou in hulle behoeftes sal voorsien op maniere wat hulle nie self kan nie, en dat Sy Woord naby hulle sal wees in tye van vrees en honger.

FEBA RADIO GEBEDSVERSOEK
In Tsjad word vroue uit Moslemgemeenskappe, wat kies om Christus te volg, dikwels doodgemaak om te voorkom dat hulle kinders volgens die Christengeloof grootmaak. Nadat een jong vrou sonder heenkome gelaat is, het FEBA se plaaslike direkteur vir haar werk aangebied sodat sy die evangelie in Arabies kon uitsaai. Bid vir vroue in Moslemgemeenskappe, veral diegene wat Christus volg en diegene wat na Hom hunker, dat hul geloof deur FEBA se uitsendings versterk sal word en ander na die Here toe sal wys.

FONTEINVRIENDE – SOP MET SKOP
Die volgende byeenkoms van ons afgetrede mense is op Donderdag 20 Augustus om 09:30. Kom kuier saam om 'n beker sop en luister na die getuienis en stories van "Rugby players for Jesus" en ander sport manne en vroue. Trek gerus ietsie groen en goud aan. Dit is 'n opskop waar ons gaan hoogskop en dalk selfs skepskop! Vir meer inligting kontak vir Linda Rossouw (082 402 4396).

VROUE IN AKSIE VROUEDAG OGGEND
Tema: Beauty for ashes uit Jesaja 61:3
Hierdie geleentheid, waarna alle vroue uitgenooi word, vind plaas op Saterdag 22 Augustus vanaf 09:00-15:00 by Swanlake. Marlize van Jessi Art inspireer vroue om deur kuns God se boodskap vir elkeen te ontdek. 6 vroue uit die Bybel se verhale gaan die geestelike inspirasie wees waar God uit die as van elkeen se bestaan , skoonheid en

geestelike groei bewerkstellig het. Kostes is R150.00 per persoon en sluit verversings en middagete in. Kaartjies is in die voorportaal by Marisa en in die Kerkkantoor beskikbaar.

GELEENTHEID VIR VOLWASSE BELYDENISAFLEGGING

Indien jy deel wil word van 'n groep wat as volwassenes belydenis van geloof gaan aflê, kontak asb. met die kerkkantoor of ds MG.

NUWE LIDMATE

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

KATEGESE PROGRAM: KWARTAAL 3

Datum	Kraggakamma Gemeente Kategese 2026
26 Jul	Gesprek 09:30
2 Aug	Gesprek 09:30
16 Aug	Gesprek 09:30
23 Aug	Gesprek 09:30
30 Aug	Gesprek 09:30
6 Sep	Gesprek 10:00 (Na afloop van nagmaal erediens)
13 Sep	Familie uitreik 10:00-12:00
20 Sep	Gesprek 09:30

JEUG

Ons het die volgende 3 behoeftes by die Jeugbediening:

- Jeugmentor vir die Graad 8 groep vir die res vd jaar (bymekaarkoms op Sondae na afloop vd Eietydse Diens)
- Aflos vir die bestaande Jeugmentor van die Graad 1 groep op sekere Sondae.
- Hulp vir Ds Toit tydens Leef@Kerk wat op Sondagaande 18:00-19:00 plaasvind.

Indien jy wil hand-opsteek kontak gerus Ds Toit

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

2 Augustus	Adri de Wit
3 Augustus	André Albertyn, Liam Blignault en Imke Potgieter
4 Augustus	Benn de Witt, Luhein Frazenburg (snr), Ashleigh Frazenburg, Freddie Gerber, Reyneke Rossouw, Martin Spinks, Arno Spinks, Theresa Thompson, Liane van der Merwe en Marisa van Wyk
5 Augustus	Christoff van der Merwe
6 Augustus	Ané Retief en Reghardt van Zyl
7 Augustus	Kayleigh Buchner, Armand Greyling, Pierre Jacobs, Riaan Roelofse, Jackie van Heerden en Marlize Westraadt
8 Augustus	Heinrich Crouse, Mario du Preez, Kayla Langenhoven, Janelle van den Heever en Nicolene Wentworth

HOOGLAND GEMEENTE BIED AAN: "ANDRIËTE NORMAN LIVE IN CONCERT"

Kom luister op 14 Augustus om 19:00 na Andriëtte Norman by die Impetus Teater. Kaartjies kos R200 elk en kan by die Hoogland Gemeente se kerkkantoor of op Quicket gekoop word.
Kontak Hoogland se kerkkantoor by 041 367 1485 of stuur 'n WhatsApp aan 079 815 9325 vir meer besonderhede.

DANKOFFER

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091,
Takkode 632005
Hierdie besonderhede is ook op 'n visitekaartjie in die voorportaal beskikbaar. Neem asb. vir jou 'n kaartjie.